



Die rekord-opkoms op die Brahman Telersgenootskap se jaarlikse simposium wat die nasionale veiling voorafgaan. Sien bl 55 tot 57.



Só vol was die pawiljoen in die Agra-Bank Windhoek Ring gepak vir die Brahman Nasionale Veiling waar die gemiddelde prys vir bulle 'n rekord van N\$70 571 was.

Brahman Nasionale Veiling bereik rekordhoogtes

Die Brahman Nasionale Veiling het op 25 Oktober nuwe rekordhoogtes bereik met 'n gemiddelde prys van N\$70 571 vir die 21 bulle van 13 telers wat verkoop is. Dit is die hoogste gemiddelde prys nog vir Brahman-bulle. Daarby is die hoogste prys van N\$190 000 'n kortkop agter die nasionale veiling se rekordprys van N\$220 000.

Oor dié uitstekende veiling sê Mecki Schneider, president van die Namibiese Brahman Telersgenootskap, dat die gemiddelde styging van 74% in die speenkalfprys 'n bydrae gelewer het tot verhoogde bulpryse. Stoetbeesprijs is volgens hom nou gekoppel aan lewendehaween vleisprys.

Verder het hy daarop gewys dat telers net toe-

gelaat word om streng gekeurde bulle van 'n hoë standaard vir die nasionale veiling in te skryf. Alle bulle moet ook oor teelwaardes beskik. "Kleiner telers maak gereeld van hierdie veiling gebruik om hul beste genetica aan te bied. Voorts moet ons in ag neem dat dit nie 'n produksieveiling van 'n enkele bekende teler is nie, maar 'n samestelling van die ras se telers wat die veilingprestasies des te meer indrukwekkend maak. Telers doen verder moeite om genetica vir beide die stoet- en kommersiële mark beskikbaar te stel."

Van die vier bulle waarvan semen aangebied is, is slegs die dertig strooitjies van WB 06-50 van Wokuma Brahmane vir N\$200 elk net ná die veiling verkoop. Koper Rynand Mudgde het

die strooitjies gekoop vir die spesifieke doel om doeltreffender genetiese koppeling in die vleisbees-genomikaprojek te bewerkstellig. Dié bul, by uitstek 'n kurweknacker, is al bekroon as die Suider-Afrikaanse Beproeft Brahmanbul en beskik oor uitstekende teelwaardes.

Oor die simposium, waarvan bestuurspraktyke vir verhoogde wins vanjaar die tema was, het Mecki gesê dit was die beste opkoms nog. Die gebruik die afgelope jare is om 'n simposium voor die nasionale veiling aan te bied wat baie belangstelling lok, veral omdat sprekers ingesluit word om oor hul ervaringe in praktiese boerderypraktyke te gesels. Dit sorg vir goeie afwisseling teenoor van die meer teoretiese lesings.

Nuwe teler koop duurste bul

By die bul wat vir die hoogste prys van N\$190 000 verkoop is, is van links verkoper Ryno van der Merwe, koper Tielman Neethling en verkoper Günther Hellinghausen. Die twee verkopers sê hulle het die afgelope vier jaar goeie waarde met 'n goeie nageslag uit dié bul, ERP 10-71, in hul stoetkuddes gekry en kyk nou na nuwe, aanvullende genetica. Koper Tielman het die sewejarige Harrobi-geteelde bul net ná die veiling op 31 geregistreerde vroulike diere gesit. Hy het onlangs 75 geregistreerde vroulike diere uit die Paloma-stoet van die Dúvels gekoop. As 'n nuwe teler trap hy nou in die spore van sy oupa, Willie Dempers, en sy broer, Boytjie, wat beide Brahmane geteel het. Tielman het lank kommersieel met die Brahman en die Simmentaler geteel en 'n paar Meatco-toekennings met sy kwaliteit-slagdiere ingepalm, waaronder die Big Five, Top 10-producent en producent van die maand. Hy het later al sy beste verkoop en hom op wild toegespits, maar steeds tollies vir afronding ingekoop. "Ek wil nou kommersiële teling met die Brahman en Simmentaler hervat. Vir dié doel het ek onlangs twee Simmentaler-bulle op die SimXtravaganza-veiling gekoop." Sy Brahmanstoetdiere loop in die geëlektrifiseerde kampe waar die eksotiese wild aangehou is waarvan hy intussen ontslae geraak het om verliese weens roofdiere te bekamp. Wat sy wildvertakking betref, fokus Tielman nou net op trofeejag.



Okariro koop naasduurste bul



Koper Wolfgang Pfeiffer, stoetveekonsultant Kiep Lepen, en koper Ralph Behrens by die Brahman-bul wat die naashoogste prys van N\$145 000 behaal het. Hulle gaan nou die Harrobi-geteelde bul in hul Okariro-stoet gebruik. Wolfgang en Ralph is vennote in beide hul beroep as prokureurs en in hul Brahman-stoet.



Die oorspronklike EASYWEAN® stelsel
'n Praktiese oplossing om speenskok te verminder!

- Speen met gemak
- Langs die ma
- Geen speenskok

Versprei deur Swawet, Namibië
Tel: 061-237356 • Faks: 061-228058
E-pos: sales@swawet.com.na

Wh... Concepts
Tel./Faks +27 (0)52-9274998
Tel +27 (0)82 459 8451
E-pos: judy@nosering.co.za
www.nosering.co.za

Kuddebestuur van vleisbeeste

Die deurlopende kompetisie onder diere vir voeding verswak 'n produsent se produksie en beïnvloed sy inkomste en uitgawes. Peter Zensi, 'n kommersiële boer van Grootfontein, het produsente aangemoedig om hul produksie te verhoog. "Dit is makliker om produksie met 5% te verhoog as om uitgawes met 10% te sny." Hy was een van die genooide sprekers tydens die onlangse Brahman-simposium in Windhoek.

Peter is deel van 'n Karstveld-studiegroep wat bepaal het dat die grootste uitgawes oor die afgelope 30 jaar vir boere in die omgewing arbeid (23%), voer en lekke (23%) en brandstof en elektrisiteit (15%) was. "Dit is groot uitgawes. Ek stel voor ons konsentreer eerder op hierdie uitgawes as op klein, onnodige uitgawes." Volgens hom maak uitgawes 50% van 'n produsent se inkomste uit.

"Produsente het bitter min invloed op pryse en uitgawes. Om hierdie uitdagings aan te pak moet ons sorg dat op die regte tyd bemark word soos wanneer genoeg voeding beskikbaar is. Ons moet ook begin kyk na waar ons diere bemark. Speenkalwers moet veilings toe en groot osse slagplase toe."

Vir goeie produksie is bestokking die belangrikste faktor. Peter het vir die Brahmantelers gesê 'n korrelasie van 33% bestaan tussen wat 'n boer op sy plaas bestok en wat hy produseer. "Dit beteken dat vir elke 100 kg wat jy 'n jaar bestok, word net 33 kg geproduseer."

Die dilemma wat produsente in die gesig staar, is dat wanneer hulle 'n lae bestokking het, diere

individueel beter vaar, maar wanneer die bestokking verhoog word om meer kg per ha te produseer word die kompetisie vir voer en weiding onder diere strawwer en presteer hulle nie meer so goed nie. "Die kuns is om by 'n punt te kom waar jy baie kg produseer."

"Om te meet is om te weet, want naas bestokking, wat die grootste enkele faktor is wat produksie beïnvloed, kan goeie kuddebestuur tot 'n winsgewende boerdery bydra."

Hy het op die volgende punte gewys waarop produsente moet fokus:

Reproduksietempo kan verhoog word deur beter seleksie toe te pas, dekseisoene te volg, oorparing te vermy, goeie dieregesondheidsbeginsels toe te pas en goeie praktyke in dek- en kalfseisoene te implementeer. Hou kuddes geslote en koop net bulle wat deur 'n veearts vry van geslagsiektes gesertifiseer is. Toets verder gereeld vir trigemoniase en vibriose.

Die groeifase van 'n kalf is belangrik en afhanklik van 'n koei se melkproduksie totdat die kalf gespeen is. Daarna word groei bepaal deur die kwaliteit van weiding, water en lekaanvulling. Stres het 'n negatiewe invloed op die groei van 'n kalf en moet beperk word.

Verliese moet tot 'n minimum beperk word deur goeie bestuurbeginsele toe te pas. Nieukeurige waarneming is veral tydens kalf- en speenseisoene nodig. Hou toesig oor swanger koeie, veral verse, sodat hulle vinnig gehelp kan word wanneer dit lyk asof moeilike kalwing kan voorkom. Dit is belangrik dat kalwers binne



Peter Zensi wat oor goeie kuddebestuur vir vleisbeeste by die Brahman-simposium gepraat het.

die eerste 24 uur aan die koeie begin drink om biesmelk in te kry, wat help om hul immuunstelsels te versterk.

Rekordhouding is uiters noodsaaklik om in beheer van 'n boerdery te bly. Dit laat boere toe om aspekte soos produksie per ha teen produksie per dier te meet. Dit stel ons in staat om ons met die omgewing se boere en nasionale produsente te vergelyk.

Seleksie van bulle moet gedoen word volgens markbehoefte. Vir hierdie doel pas Peter wetenskaplike metodes toe (soos EBV's) en gebruik sy oog. Dit is verder vir hom belangrik om na die bul se ma se prestasies te kyk, onder meer na haar tussenkalfperiode (TKP). Kyk na geboortegewig, melk en vet en onthou groter beteken nie noodwendig beter nie.

Indekseisoene moet produsente oorparing toe-pas en bulle wissel om die gevaar van enkelparing te voorkom. "Jong bulle moet verkieslik op ouer koeie gesit word en ouer bulle op verse."

NOW EU Approved !!!



**Be proactive ...
Make an impact on
bush encroachment
with chemical debushing**



Residential



Commercial/Industrial



Airborne



Brush Clearing



Bush Encroachment



NAMAGRI

THE WAY FORWARD

www.namagri.com

Email: info@namagri.com

Alex McDonald
+264 81 124 6821

Visit our  Page

1996

**Bookings for
the 2017 season
now open ...
BOOK NOW**

with our agents in
your area.







Agents for Destroyer Granules & Liquid

Christo Brisley 081 122 0691 **Windhoek**

Chris van Lill 081 409 8303 **Mariental**

Rolf Haase 081 127 4911 **Wilhelmsdal**

Uwe Bertram 081 127 1110 **Omaruru**

Effek van spoorminerale op die teelgeskiktheid van bulle

"As koeie nie elke jaar kalf nie, het ons nie kper ha nie," meen dr Martin Ferreira, 'n private veearts van Potchefstroom, wat Brahmantelers toegesprek het tydens hul simposium op 25 Oktober in Windhoek. Hy het gesê 'n wanbalans in spoorminerale verlaag vrugbaarheid in bulle wat produksie op die plaas beïnvloed.

"'n Vrugbare bul is een wat semen produseer wat morfologies normaal is en dragtigheid kan bewerkstellig. Dit beteken dat al sit 'n bul in 'n rolstoel, kan hy steeds vrugbaar wees, maar dan moet jy hom help. Dis waar inseminasie inkom." Dr Ferreira het bygevoeg dat die verskil tussen 'n vrugbare en 'n geslagsgeskikte bul nie vrugbaarheid is nie. 'n Geslagsgeskikte bul het geen fisieke defekte nie en is vry van geslagsiektes, voedingtekorte, parasiete en hitte-stres. Dit beteken die bul kan dragtigheid bewerkstellig deur normale dekking.

Telers kan nooit gerus wees wanneer hulle bulle op veilings koop nie, want al sê die verkoper die bul was nog die vorige jaar vrugbaar, beteken dit nie hy is steeds vrugbaar nie. "As julle bulle vervang, of as jul bulle die teelseisoen ingaan, toets hulle. As hulle uitkom by die koeie, toets hulle weer."

Die reproduksiedoeltreffendheid van 'n bul hang van verskeie faktore af, maar dr Ferreira het voeding en spoormineraal-aanvulling uitgelik as die belangrikste, deurlopende faktore

wat 'n bul se reproduksie-potensiaal ontwikkel. "n Goeie spoormineraal-aanvulling kan die beweging van sperm met tot 60% verhoog." Hy het wel gesê spoorminerale is nie die enigste faktor wat 'n rol speel in teelgeskiktheid nie, want diere moet ook klinies gesond wees, in goeie kondisie wees, bulle moet goeie libido toon en getoets word vir TB.

Volgens dr Ferreira speel spoorminerale 'n spesifieke rol in reproduksie. Hy het telers daarop gewys dat baie literatuur beskikbaar is oor navorsing wat al gedoen is oor die effek van spoorminerale soos koper, sink, selenium en mangaan op teelgeskiktheid. "Die probleem wat ons boere het, is dat niemand rêrig oor spoorminerale wil praat nie, want dit is klein molekules, klein hoeveelhede wat benodig word. Dit is kleingeld vir farmaseutiese en voermaatskappye, maar wanneer 'n tekort of wanbalans in diere voorkom, kos dit boere groot geld om dit reg te stel."

Hy het die Brahman-telers gewaarsku om nooit te dink dat hulle spoorminerale in bees kan handhaaf met 'n naald nie. Spoorminerale moet elke dag deur die bek ingekry word, maar daar moet onthou word dat wanneer diere spoorminerale deur lekke en voer inneem, die doeltreffendheid van inname beïnvloed word deur ander minerale, die antagonist, die blokkeerders en die rumen.

Dr Martin Ferreira, 'n private veearts van Morvet Kudde-gesondheid op Potchefstroom wat op 'n gereelde basis deur Virbac genooi word om as spreker in Namibië op te tree, het tydens die Brahman Genootskap van Namibië se simposium in Oktober telers ingelig oor die belangrikheid van spoorminerale in teelgeskikte bulle.



Die grootste blokkeerder van spoorminerale is kalsium (in voer en water), yster, fosfaat en swael. "Dit beteken nie ons moet swael uit die diere se dieet haal nie; hulle het dit steeds nodig om aminosure en proteïene te vorm. Yster en kalsium is uiters belangrik, maar ons mis dit in ons water."

Wanneer om spoorminerale toe te dien

Dr Ferreira het voorgestel dat spoorminerale minstens twee maande voor die teelseisoen reeds vir bulle gegee moet word. Dit het 'n impak op sy spermgehalte. "Watter lekkie moet ons dan vir bulle gee? Ons moet kyk na die organiese bronne wat diere beter opneem. Dit is wel duurder, maar ons moet 'n goue middeweg kry tussen dollars en sente."

Daar is werkgedoen watsê wanneer organiese spoorminerale tussen 20% en

57

WECKE & VOIGTS WHOLESALE

Vriend van die boer – 120 jaar lank

Meer tyd om tussen jou diere te wees!

Danksy ons gerieflike telefoniese bestellingdienste

1 Bestel telefonies by 061-217 520

2 ... en as u verbykom laai ons net u voertuig.

3

Tel: (+264 61) 217 520
Faks: (+264 61) 217 536
orders@weckevogts.com.na
Tommie Muller Straat,
Noordelike Nywerheidsgebied
Posbus 62, Windhoek, Namibia

Besoek ons webtuiste by: www.wholesale.com.na

No genetic parameters without phenotype

A breeder cannot talk about genetic parameters without looking at phenotype which is a set of observable characteristics of an animal based on the interaction of its genotype with the environment, said Dr Mike Fair for the University of the Free State (UFS). He was a guest speaker at the 2017 Brahman symposium on 25 October.

He highlighted that the linear formula $P = G + E$ (phenotype = genetics + environment) is of the utmost importance in any breeding programme. It is this formula that Dr Fair, Prof Frikkie Naser and Japie van Wyk of the department of animal, wildlife and grassland science at the UFS have used while conducting research into the genetic parameters, type and production traits of the Namibian Brahman. In its May 2017 edition *AgriForum* published an in-depth article on this research study.

According to Dr Mike research also indicated that date of birth had a big effect on phe-



Dr Mike Fair of the University of the Free State who gave feedback on a Brahman study looking at genetic parameters, type and production traits.

notype. The study recorded 17 type traits such as body condition, size, capacity, sex character, sheath form, sheath opening and navel form, and included birth weight, weaning weight, year weight, final weight and mature cow weight which are all production traits.

The analyses of the data based on a mixed

model for type and production traits included the fixed effects of sex (male or female), body condition, year of inspection, breeder and year of birth. The data was collected from 1 098 contemporary groups, approximately 36 000 animals. The data, analysed mathematically, was selected so that one contemporary group consisted of five animals and one sire.

The main aim of the study was to conclude that certain genetic parameters were heritable and beneficial to breeding programmes. Dr Mike confirmed that heritability estimates were low to moderate, ranging from 0,05 to 0,36 with genetic correlations (r) ranging from 0 to 0,92. These type traits exhibited both variability and heritability, indicating that response due to selection should be achieved to improve and maintain desired types.

Two of the most important first evaluations are the estimates of genetic correlations of heritability (h^2) and the significance of genetic correlations between traits. The heritability estimates range from 0,05 to 0,36 and were all regarded as significant. According to the data navel form had the highest h^2 of $0,36 \pm 0,019$ followed by sheath form and sheath opening.

He added that if a breeder does not have adaptability within the herd, the genetics can be as good as it gets but the animals are not likely to perform to the breed's standards. Another point of interest Dr Mike pointed out was that average weaning weight increased by 48,8 kg from 1990 to 2011 – an equivalent of 2,57 kg per year.

Effek van spoorminerale

56 25% is, het dit 'n positiewe invloed op spermontwikkeling. "Sperm moet nie net in die rondte swem nie; dit moet in 'n rigting swem. Navorsing het getoon dat die spermbeveging met tot 65% verhoog het wanneer organiese spoorminerale toegedien word."

Die antagoniste in die rumen maak dit moeilik vir boere omdat dit veroorsaak dat daaglikse aanvullings gegee moet word. Inname-verskille, smaaklikheid, dominansie, water- en voerkwaliteit asook ander diere wat lekke steel, dra by tot die uitdagings van produsente.

Volgens dr Ferreira begin spoormineraal-aanvullings reeds wanneer bulle kalwers in die baarmoeder is. Die koei gee twee derdes van haar gestoorde spoorminerale aan haar kalf, wat dan vir die volgende drie maande hiermee moet oorleef en ontwikkel sodat dit sy eie spoorminerale kan maak.

Die rumen is 'n fabriek op sy eie

Herkouers is uniek in hul vermoë om gras om te skakel in 'n eetbare of verkoopbare produk – die raamwerk waarbinne boere produksie per ha kan verhoog. Só het Christo du Plessis, bemarkingsbestuurder en voedingkundige van Feedmaster, Brahmantelers tydens hul simposium in Windhoek aangemoedig.


Hy het verduidelik dat wanneer diere gevoer word, ontvang die rumenmikrobese voeding, anders as by enkelmaagdiere. "Die rumen is 'n fabriek op sy eie om die daaglikse innames van die herkouer

te maksimaliseer, deurvloei van rumen-inhoud te bespoedig en dus meer voedingstowwe vir produksie beskikbaar te stel. Natuurlike weiding is volgens Christo die goedkoopste voerbron, maar vir effektiewe inname moet die rumen gesond wees en pH-vlakke optimaal bly sodat die noodsaaklike bakterieë kan funksioneer. Die belangrikste doel van die mikrobese is om sellulose, wat andersins nie benut kan word nie, te benut, mikrobe-proteïene te sintetiseer en vlugtige veture vry te stel vir absorpsie. Mikrobese het die vermoë om sellulose af te breek en energie vir herkouers vry te stel.

Christo het verder daarop gewys dat rantsoene met hoë stysel neig om pH skerp te laat daal. "Voldoende aanpassing van die mikrobepopulasies en voldoende vesel dra by tot 'n aanvaarbare pH-vlak. Op hoër ruvoerdiëte met laer stysel soos op natuurlike weiding is die pH



Christo du Plessis, bemarkingsbestuurder en voedingkundige van Feedmaster, het tydens sy voorlegging by die Brahman-simposium gefokus op die belangrikheid van mikrobese in die rumen.



baie beter gebuffer vanweë die herkoufunksie."

Mikrobese het ook die potensiaal om stikstof of NPN (nie-proteïenstikstof) om te skakel in mikrobe-proteïene vir benutting deur die dier. "Dit is hoe ureum afgebreek en 'n bees se rumen benut word. Die rumen is verantwoordelik vir die afbreek van gras wat later die dag deur die spysverteringstelsel vloei. Dit is in hierdie proses waar die voedingstowwe in gras ontsluit word en energie byvoorbeeld in die vorm van vlugtige veture deur die rumen geabsorbeer word. As ons wil weet hoeveel energie in gras is, kan ons net kyk na die intensiteit van veldbrande."

Vir herkouers is weiding een van die belangrikste aspekte in hul dieet, volgens Christo. "Weiding bestaan uit proteïene, energie, kalsium, fosfate, makro- en mikrominerale. Hierdie voedingselemente word egter nie noodwendig di- rek opgeneem deur die bees nie. Die grootste

proteïenbron is nie lek of gras nie, maar mikro-organismes, wat in die rumen vermeerder en dan uitspoel na die laer spysverteringskanaal, waar dit deur die dier verteer word."

Volgens Christo moet boere toesien dat mikropopulasies so gestimuleer word dat hulle gesond en effektief is, die voer vinniger kan verteer om deurset van voer te verhoog en die beeste of skape dus meer kan vreet en meer vleis produseer. Aandag aan jong kalwers is veral belangrik om te verseker dat die rumen vinniger en beter ontwikkel vir toekomstige produktiwiteit. Daarvoor is die gebruik van 'n gebalanseerde kragvoer soos Rumen Optimiser ideaal. "Die rumen is steriel in 'n pasgebore kalf of lam en rumengrootte en die lengtes rumen papillae kan aansienlik verbeter word met die regte geformuleerde kragvoer in die ontwikkelingsfase."